# Heilbron Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 7 Deel 111
VRYDAG - 28 FEBRUARIE 2020

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)



Muller Draaiwerke

**Andries Muller**
072 447 7446

**Vrystraat 23, Heilbron**
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK


# Ngwathe pas begroting aan

Die Ngwathe Burgemeester, Raadslid Joey Mochela, het gisteroggend by 'n spesiale raadsvergadering te Heilbron haar voorstelle vir die halfjaarlikse aanpassing van die huidige begroting aan die Raad voorgehou.

Die grootste aanpassings hou verband met begrote inkomste wat nie gerealiseer het soos voorsien was nie. Nasionale Tesourie het onder andere 'n bedrag van R35 miljoen weerhou tydens oorbetaling van die munisipaliteit se interowerheids-toekenning in Desember 2019. Die agtergrond waarteen die weerhouding geskied het, is dat die munisipaliteit versuim het om 'n kapitale projek wat vir die 2019 boekjaar beplan was, volledig uit te voer. Volgens VF Plus Raadslid, Phillip van der Merwe, is die reël dan dat alle ongespandeerde fondse op hande, aan die einde van die boekjaar aan Tesourie terugbetaal moet word, tensy toestemming spesifiek verleen word dat dit na die volgende boekjaar oorgedra kan word.

Ngwathe het aansoek gedoen vir oordrag van die fondse en in afwagting van goedkeuring voortgegaan met die betrokke projek, maar Tesourie het teen verwagting geweier om oordrag van die fondse goed te keur. Omdat die fondse egter intussen aangewend is vir die voortsetting van die projek, moes Ngwathe fondse uit ander bronne vind om die "boeke te laat klop" en die terugbetaling te finansier. Uitgawes in die begroting word besnoei deur onder andere besparings op finansieringskoste, grootmaataankope, kontrakteursdienste en etlike ander uitgawes. Die begrote inkomste (en verwagte uitgawes) daal tans vanaf R791 miljoen na R763 miljoen.

Raadslid van der Merwe het tydens die vergadering gewaarsku dat strenger stappe teen wanbetalers geneem sal moet word om die begroting uiteindelik te laat klop aangesien daar tans na raming net tussen 55% en 65% van die begrote inkomste uit erfbelasting en dienstegelde ingevorder word. Die Aanpassingbegroting is na bespreking deur die Raad aanvaar.

***Verklaring uitgereik deur VF Plus Raadslid Phillip vd Merwe op 28 Februarie 2020***



*Louise Snyman koop die Ou Pastorie oor en skyf haar rekenmeesters kantore nou daarheen. Hierdie is 'n baie geskiedkundige gebou in Ringerstraat. Piet Habig handig amptelik die gebou oor aan haar op 25 Februarie 2020 met die simboliese prent van die gebou. Meer inligting volg in volgende week se koernat. Op die foto: Louise Snyman en Piet Habig.*

# Reeks inbrake teister Heilbron

'n Inbraak vind plaas by 'n Vegkop woning op 26 Februarie 2020. Herstelwerk aan die eiendom het twee weke van tevore begin en die inbrekers het hulle aan die huishulp voorgedoen as kontrakteurs wat die werk moet voortsit en het op só manier die huis binnegekom, wat gelei het dat van die Muller-gesin se goedere weggedra is. Daar is ook 'n inbraakpoging van 'n ander huishouding aangemeld voor dié insident plaasgevind het. Heilbron inwoners word gewaarsku om bedag te wees op verdagte voertuie en mense. Die inbrekers kom helder oordag met planne - huiswerkers moet gemaan word om nie hekke vir enige iemand oop te maak nie. Vroeër die maand is daar by twee ander Vegkop inwoners ook ingebreek. Met die toenemende misdaadkoers in Suid-Afrika is dit baie belangrik dat daar na dié probleem gekyk moet word, aangesien almal kwesbare teikens is. Hier volg 5 feite wat mens moet weet oor inbrekers:

**Inbrekers is intelligent.** Baie inbrekers is skerpsinnig en nie-diskriminerend. Sommige sal hulle tyd neem om huiseienaars se roetines te bestudeer voordat hulle 'n poging aanwend om die eiendom te betree. Inligting word ingesamel en hulle raak vertroud met jou skedule en patrone en slaan toe wanneer hulle weet niemand is tuis nie.

**Inbrekers vermy konflik.** Die meeste inbrekers wil nie in 'n konfrontasie met 'n huiseienaar betrokke raak nie en sal daarom eerder stilweg insluip terwyl die eienaar gedurende die dag by die werk is. Eienaars kan dit oorweeg om die TV aangeskakel te hou om die illusie te skep dat iemand tuis is.

**Inbrekers slaan bedags ook toe.** Baie huiseienaars neem aan dat inbrekers nie braaf genoeg is om gedurende die dag te probeer inbreek nie; dit is 'n verkeerde aanname. Inbrekers is in der waarheid meer geneig om in die dag in te breek wanneer die meeste mense by die werk is. Hulle doen hulle voor as werkers wat onderhoud doen en breek reg onder die buurman se neus in. Werkers moet eers identifikasie bevestig voor iemand ingelaat word.

**Inbrekers vat sleutels.** Sommige huiseienaars dink hulle is slim om hulle spaar huissleutels binne-in nagemaakte rotse of onder 'n stapel brandhout weg te steek, inbrekers ken hierdie spel en weet presies waar om vir weggesteekte spaarsleutels te soek. Hulle neem egter ook enige ander sleutels om met die volgende besoek makliker die huis of motors binne te dring.

**Inbrekers soek maklike toegang.** Inbrekers sal die maklikste toegang tot jou huis vind, of dit nou 'n oop venster, 'n garagedeur of 'n hondedeurtjie is. Sommige inbrekers teiken spesifiek huise met hondedeurtjies want dit is 'n vinnige en maklike toegang tot die binnekant van die huis.

Wees dus bedag, waarsku u werkers en rapporteer enige verdagte voertuie of mense in u woonbuurt.


NG Kerk Moedergemeente
Saterdag 7 Maart
vanaf 09:00 tot laat...
Basaar



- Pannekoek
- Poedings
- Vars gebak
- Kerrie-en-rys
- Braaivleis
- Vleistafel
- Witolifante
- Huisvlyt
- Hope kindervermaak

• Plaasontbyt
word bedien vanaf 09:00 tot 10:00 (R40pp)

• Kampioenpotte
sal bedien word vanaf 12:00 vir take-away (R40pp)



FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB Louwid

# Vroeë ryp, wat sê die kenners

Hoewel die meeste somergrane dié seisoen binne die optimale planttyd aangeplant is, is daar gebiede in veral die sentrale dele van die Vrystaat (Bultfontein, Hertzogville en Hoopstad) en die Oos-Vrystaat (Vrede, Frankfort, Cornelia en Villiers) waar voldoende reën eers baie laat geval het.

Die laatste aanvaarbare opkomsdatums vir mielies in die oostelike dele van die Vrystaat, soos Frankfort, is ongeveer einde November vir mieliekultivars met 'n medium-groeiseisoen en tot 10 Desember vir korter groeiers. Laat aanplantings is veral blootgestel aan die risiko van vroeë ryp wat opbrengs kan beïnvloed. Mnr. Johan van den Berg, landbouweerkundige by Santam Landbou, sê van die mielies in die Oos-Vrystaat het eers teen middel of laat Desember verlede jaar opgekom. "Daar is egter voorbeelde van aanplantings wat eers teen 20 Desember 2018 opgekom het en in die 2018-'19-seisoen in die koeler gebiede van die Oos-Vrystaat steeds tot 8 t/ha gelewer het.



Hoewel rypskade 'n skielike gebeurtenis is, kan lae temperature wat nie rypskade veroorsaak nie, ook opbrengste beïnvloed. Vir mielies kan minimum temperature onder 10 °C reeds 'n beperkende uitwerking hê al is die dagtemperature nog redelik hoog. As die 2018-'19-seisoen ontleed word, het die eerste temperatuur wat in die distrik Reitz ryp kon veroorsaak, op ongeveer 11 Mei 2019 voorgekom. Dit is ongeveer 17 dae later as die gemiddelde eerste datum van 25 April vir dié distrik in die 16 jaar sedert die 2003-'04-seisoen. In die 2015-'16-seisoen het ryp rondom einde Maart 2016 voorgekom, wat drie weke vroeër was. In die 2006-'07-seisoen het ryp al teen 15 Maart voorgekom, terwyl dit in die 2015-'16-seisoen al teen 30 Maart voorgekom het.

Volgens Van den Berg is die variasie rondom die gemiddelde eerste rypdatum baie groot. Hoewel daar dalk 'n neiging is dat ryp later begin voorkom, kan die 2018-'19-seisoen nie as die norm aanvaar word nie.

As die gemiddelde eerste rypdatum soos aangeteken vanaf 2005 rondom 25 April is, is die kans goed dat rypskade kan voorkom by mielies wat in die tweede helfte van Desember in die Oos-Vrystaat aangeplant is. Indien daar ook meer bewolkte toestande en laer dagtemperature gaan voorkom, kan dit groei verder vertraag. "Reënmodelle dui tans 'n goeie kans op reën oor die somergraangebiede in April aan, wat daartoe kan bydra dat die eerste ryp op die meer tradisionele tyd einde April kan voorkom." Van den Berg sê volgens sy ontleding van rypdatums die afgelope 16 jaar is die kans op ryp voor 1 April 10%. Die kans op ryp van 1 April tot 15 April is 30%, met 'n 30% kans van 15 April tot 30 April en 'n 30% kans dat die eerste ryp ná 1 Mei sal voorkom.




# Dienssentrumlede skiet kettie



*Elke alternatiewe Woensdag skiet die Dienssentrumlede kettie. Die Woensdag tussen-in bly hulle steeds aktief en speel hulle jukskei. Die Dienssentrum program het hierdie week gehandel oor Velkanker en die oorsake daarvan. Die verskillende tipes velkanker asook moesies en melanome is bespreek. Volgende week besoek Kleuterkasteel se Graad R klas die Dienssentrum lede. Stories word vertel en elk kry 'n eetdingetjie en geskenkie. Die Dienssentrum reik graag uit na verskillende groepe in die gemeenskap. Op die foto: Sylvia Meads, Magda Bierman, Koos Smit en Sharky Kühn by die kettieskiet op 26 Februarie 2020.*




# 3 Belastingvoordele waarvan jy moet weet voor 29 Februarie 2020

Goeie nuus is deesdae so skaars soos hoendertande, maar tog is daar min dinge so lekker soos 'n groot tjek van Jan Taks wanneer dit hulle beurt is om jou elke jaar (terug) te betaal. Met minder as 'n dag oor voor die 2019/2020 belastingjaar tot 'n einde kom sal jy vinnig moet spring om die drie voordele hier onder, optimaal te kan benut.

**SKENKINGS**

Het jy geweet dat 'n skenking aan 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie (OWO) soos Solidariteit Helpende Hand jou belasbare inkomste met 'n maksimum van tot 10% kan verminder, terwyl jy terselfdetyd daarmee 'n weldaad kan verrig. Indien jy b.v R700 000 per jaar verdien sal 'n maksimum aftrekbare skenking van R70 000 toegelaat word ingevolge Art18A van die Inkomstebelastingwet.

**WENK:** Maak seker dat die welsyns-organisasie vir wie jy skenk as 'n OWO geregistreer is en dring aan op die Art 18A-belastingsertifikaat nadat jy jou skenking gemaak het.

Jy word verder toegelaat om elke jaar 'n maksimum van R100 000 belastingvry te skenk. Hierdie bepaling kom baie handig te pas wanneer jy bv 'n leningsrekening op jou trust het. Kom ek verduidelik: Gestel die leningsrekening op jou trust beloop R1.2 miljoen teen 'n rentekoers van 9% per jaar, dan sal die die rentekomponent R108 000 beloop. Met hierdie bepaling kan jy R100 000 van hierdie rente terug aan die trust skenk, om sodoende die belasting op die rente te verminder.

**WENK:** Maak seker dat jou totale skenkings (OWO en ander) vir die jaar nie die R100 000 perk oorskry nie.

**AFTREEFONDSBYDRAES**

Dit sluit bydraes aan pensioenfondse, voorsorgfondse en uitree-annuïteite in. Die maksimum aftrekbare bedrag wat jy kan bydra is 27,5% van jou belasbare inkomste beperk tot R350 000 per jaar. Indien jy bv die maksimum van R350 000 bydra en jy in die hoogtste belastingkerf (45%) val sal die belastingvoordeel wat jy kan terugeis 'n allemintige R157 500 wees!

**BELASTINGVRYE BELEGGINGSBYDRAES**

Elke persoon kan 'n maksimum van R33 000 per jaar tot 'n belastingvrye beleggingstruktuur bydra tot 'n maksimum van R500 000. Die groot waarde hiervan is dat alle groei, inkomste en dividende uit hoofde van die belegging vrygestel is van belasting, en dat die kapitaal ook, sonder enige belasting op kapitaalwins, ontrrek kan word.

**TEN SLOTTE**

Bogemelde 3 wenke handel oor belastingvoordele en is nie 'n omvattende beleggingstrategie nie. Die goue reel is altyd om 'n kundige en gekwalifiseerde persoon te gebruik wanneer jy beleggings- of finansiële raad inwin.

Kontak ons by stefan@helpendehand.co.za vir verdere navrae/skenkings.

***Uitgereik deur Solidariteit Helpende Hand.*** Stefan Pieterse, Hoof: Studiefondssentrum, Solidariteit Helpende Hand, Sel: 076 424 1400, E-pos: stefan@helpendehand.co.za


DONT DELAY
SHOP NOW
SAVE TODAY
25 February - 1 March 2020
SPAR
SPAR Choice Butter Brick 500 g
Store price 46.99
R2 off
R44.99
Glenryck Pilchards in Tomato or Chilli Sauce 360 g
BUY ANY 2 FOR 30.00
Sunlight Family Bath Soap 175 g
BUY 3 FOR 21.00
Sunlight Dishwashing Liquid (750 ml) and Laundry Bar (500 g) Combo Pack
27.99 per pack
COMBO PACK
Kellogg's Corn Flakes 1,2 kg
49.99
Nescafé Gold Cappuccino, Latte, Decaf or Unsweetened Sticks 10s
BUY 2 FOR 80.00
Bubble Bath 1 litre
BUY ANY 4 FOR 100.00
SPAR Extended Shelf Life Full Cream or Low Fat Fresh Milk Only 2 litre
COMBO
Buy 2 for 47.98
R8 off
R39.89
Shield Roll-On for Men or Women 50 ml
BUY ANY 2 FOR 26.00
Surf Superbright Hand Washing Powder 3 kg
39.99
Fusion Dairy Blend Concentrate Assorted 1 litre
BUY 5 FOR 30.00
SPAR Super Maize Meal 5 kg
25.99
*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.
Specials available at selected SPAR, SUPERSPAR AND KWIKSPAR stores, while stocks last.
We reserve the right to limit quantities. Prices include VAT.
SJ40440

# KAAP TOE EN TERUG!



**AS JY WOU WEET HOE DIE WYPROE AFGELOOP HET, HET EK SLEGTE NUUS.** Ek het nie gegaan nie, want ek het blykbaar die hele bespreking daarvoor misgeloop. Nie uit eie keuse nie.

Nietemin. Ons wag toe op die kaptein, ek bedoel die agbare Minister van Onderwys. Daar is een of ander hoë sekuriteits-prosedure wat eers uitgevoer moet word alvorens ons die agbare minister in ons midde kan verwelkom. *She must be in holding for 10 minutes*. Ek weet net van 'n *holding cell* en vra toe nie meer uit nie, want ek wil nie my onkunde so blatant laat blyk nie. Ons is doodstil in die lokaal, almal met afwagting. Die deur gaan geruisloos oop, en almal staan soos een man (en vrou) op. Die agbare minister groet ons en ons word gevra om weer ons plekke in te neem. Sy praat, praat, praat. Sonder 'n papier voor haar en bedank ons vir ons opoffering om iets vir onderwys te doen. Hier en daar vra iemand vrae en toe is dit ook verby.

Ons gaan aan met ons besprekings en samesprekinge, maar iewers het ek weer net die draad van die storie gekry, want sommige gesprekke verveel my en ek weet nie regtig hoekom hierdie as brandpunte beskou word nie.

Dan sê hierdie vakbond dit en daardie vakbond dat. Hierdie man spring op en het 'n relaas vir 15 minute oor iets wat ek in 2 minute al klaar kon gedoen het. So gaan dit maar.

**DIE AAND WORD ONS GENOOI NA DIE GALA-DINEE TOE.** Trek asseblief netjiese aanddrag aan – wat maklik sou wees indien ek aanddrag saamgebring het vanaf Pretoria. En wag, ons gaan iets lekker doen gedurende die Gala-dinee… Karaoke. Jip, Gala-dinee en Karaoke gaan blykbaar saam soos vinkel en pampoen. Want koljander sal nie deug nie.

Die hele vergadering word in 10 spanne ingedeel volgens die afdeling waarin jy werk en/of die provinsie waarvandaan jy kom. Dit is net ek en Steve van my spesifieke afdeling en ek mis toe die spanindeling, maar word gevra of ek asseblief 'n beoordelaar kan wees? Jip, dit klink baie makliker as 'n karaokesanger.

Ons is vier wat na 10 spanne se gesing moet luister. Die een sing "We are the World" en dit is min of meer die enigste reël in die liedjie wat hulle ken. "Lean on me" kan werklik net *lean on me,* want daar is net 'n *ge-lean on me*.

Ons wys die wenner aan en elkeen van die beoordelaars kry 'n bottel wyn. Ek probeer nog kapsie maak (uit blote goeie maniere), maar iemand sê dat dit die enigste oorblyfsel is wat nog uit die dopstelsel stam, ek kan met liefde die bottel wyn terugneem Pretoria toe, wat ek toe doen – veilig in een van my skoene ingedruk sodat ek nie met 'n rooi tas en wynrooi klere by die lughawe aankom nie.

**ONS BESTEL 'N UBER LUGHAWE TOE.** Die man groet net en laat ons inklim, ry ry ry tot in Kaapstad sonder om 'n woord te sê en sonder om die lugreëlings aan te sit. Ek voel hoe smelt die helfte van my boudvet diep in sy sitplekke in, maar ek hou uit. Ons is net-net betyds om aan te meld vir ons vlug en ons gaan staan sommer dadelik in die ry. Dit is snikheetwarm, ek voel hoe die sweet stroompies by my bene afloop. Daar loop 'n stewige dame voor my toe ons by die vliegtuig se trappe opstap. Ek kyk na haar netjiese sonbruinbene en wonder of sy nou net haar beenhare geskeer het, want dit lyk so glad. My oë daal af tot by haar hakskene: so grof dat jy daarop sou kon kaas rasper.

Ek val op my sitplek neer, styf teen die venster. Jippie, ek sal die see kan sien. Ek hoor hoe hoes iemand slymerig agter my en voel hoe Corona oor my kop trek. Ek begin lees en af en toe kyk ek hoe dit buite lyk. Sy hoes weer slymerig en ek wonder hoeveel mense sy op een vlug sal kan aansteek?

Ons stryk neer op Oliver Tambo en ek kry die eerste keer die geleentheid om na die hoeser te kyk (iemand wat hoes word sekerlik 'n hoeser genoem, nie waar nie?) Sy lyk maar vir my oes gehoes, sy sukkel vir oulaas die slym diep uit haar longe uit. Vanaand sal ek baie vitamien C moet drink. Corona begin hoeka met 'n C.

**AI, DIE KAAP IS MOOI, MAAR DIT IS LEKKER OM BY DIE HUIS TE WEES.** Al het ek nie Tafelberg gesien nie (regtig, Tafelberg is net Tafelberg as jy dit van die regte kan af bekyk), niemand het my Kasteel toe gevat nie én ek het die wynproe misgeloop. Ten minste het die agbare minister dankie gesê vir my werk, alhoewel sy nie die vaagste benul het wie ek is nie.

Ek wag net dat die koeriers my eie Karaokemasjien kom aflewer en installeer, dan maak ek my bottel wyn oop en begin sing.

Jy kan mos nou nie 'n gegewe druif in die bek kyk nie.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Tweede Lydensweek**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sagte kollekte / Kleuterkerk
Sin Kol: Gemeentelike Ondersteuning / Kategese / Blok 2

**NG SUID**
**Tweede Lydensweek**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sin Kol: Hulpfonds vir Sinodale Pensioenfonds
Kategese afsluiting

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Kol: Kerklike Tydskrifte / Katkisasie: Les 5
Diensbeurte: Wyk 4 & 5

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Tweede Lydensweek**
**Sondag:** 10:00 Erediens
Deurkollekte: DVB / VBO Les 6
Skinkbeurt - Groep 4

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel,
**Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS


**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz
*Program vir week*
**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades
**PROGRAM**
**MAANDAE:**
10:00 - EKO-program
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
*Geen byeenkomste tydens skoolvakansies*



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30
BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.




SPAR GREEN TAG SALE
R76 MILJOEN
SE BESPARINGS
PRODUKTE GEPRYS OM
OPGERAAP TE WORD
MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
My SPAR
SPAR Langlewe Melk Volroom, Lae-Vet of Afgeroom 6 x 1 liter
69.99 per pak
Nescafé Ricoffy (Kafeïenvry uitgesl.) 750 g
Winkel prys 72.99
Kry 'n ekstra R3 af
R69.99
Kellogg's Graanvlokkies 750 g
MULTI-KOPIE Koop 2 vir 80.00
Kry 'n ekstra R10 af
R70.00
Flora Gewoon of Light Vetsmeer (Gold uitgesl.) 1 kg
41.99 elk
Nestlé Cremora 750 g
29.99
Crosse & Blackwell Pikante Mayonnaise 750 g
Winkel prys 23.99
Kry 'n ekstra R1 af
R22.99
Tastic Halfgaar-, Volgraan Bruin-, Sag en Absorberende Wit- of Snelgaar Langkorrel-Rys 2 kg
23.99 per pak
SPAR Geparste en Gedrukte 100% Vrugtesap (Verskeidenheid) 2 liter
29.99 elk
*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.

# Hoërskool Heilbron atlete presteer



*Hoërskool Heilbron se Primêre atlete presteer weer en 10 atlete is deur na die Noord-Vrystaat Atletiek Byeenkoms. Die volgende kinders gaan Saterdag, 29 Februarie in Sasolburg deelneem. Op die foto: Aldi Strydom, Chenelle Els, Shamonè Ribeiro, Carli Rochat en Mieke van Wyk. Agter: Dihan Janse van Rensburg, Lourens Roux, Ernest Scheepers, Gerrit du Plooy en Tiaan Britz.*

# Wen 0/7 bekers



*Gedurende die Bieliemielie-fees het twee Graad 1 leerlinge oulik presteer tydens die Mini-netbal en Bulletjie-rugby. Hulle het die 0/7 bekers gewen. Hulle is van links: Karabelo Moloi (Carlie du Plessis-trofee) en Kamohelo Mofokeng (Hero Didi-trofee).*



# Voltooi die Midmar-myl

*Johanné en Adriaan Bonthuys, leerders van Hoërskool Reitz het die Midmar-myl voltooi, Johanné het dit die vierde keer voltooi, terwyl haar broer, Adriaan, dit vir die tweede keer voltooi het.*

# Gretha Wiid besoek Heilbron



Gretha Wiid besoek Hoërskool Heilbron Ouers op 24 Februarie 2020. Met 'n vinnige praatjie gelewer verduidelik sy dat elke ouer onvoorwaardelike liefde, aanvaarding, erkenning en aandag aan hulle kinders moet gee. Sy is passievol daaroor om aan kinders te verduidelik wat hulle werd is en ook dat ouers betrokke moet wees om selfvertroue suksesvol te kweek in hul kinders. Met 'n versameling van 30 DVD uitgereik oor onderwerpe in: Huwelike, tieners, jong volwassenes, ouerskap, gesinne en vrouwees - deel sy met Heilbron ouers oor hoe om jou kind tot 'n suksesvolle toekoms te lei. Daar is uitgebrei oor die skermtydperk wat aan kinders toegelaat word en die nadele wat dit kan voortbring. Behalwe vir die gesegde van “vierkantige oë” kan dit hulle hulle sig belemmer en op 'n latere stadium lei tot “ek verstaan nie” in klastyd. Daar is aan elke ouer verduidelik van die verskil tussen bevoorreg en bederf. Onderhandeling onder kinders het ook 'n groter probleem geword oor die jare en Gretha het verduidelik dat verantwoordelikhede nagekom moet word en gevolge sal volg indien anders. Ouers het meer duidelikheid gekry oor hoe belangrik betrokkenheid en belangstelling is om 'n verstandhouding met hul kinders te laat groei. Hierdie gratis insiggewende geleentheid het elke ouer verryk en laat verstaan dat tegnologie gaan aanhou vorentoe beweeg. Dit is belangrik om saam jou kind op datum daarmee te bly. Om op die platteland te bly is meer uidagend as in die stad weens die eenvoudige rede dat almal mekaar ken. 'n Skandaal versprei vinniger en dit kan meer uitdagend wees vir kinders om in 'n groep in te pas. Gretha het aan elke ouers verduidelik dat die regte aandag en aanvaarding aan hul kinders gegee moet word om plattelandse uitdagings te oorkom. 'n Suksesvolle aand is agter die rug en elke bywoner het saam gelag, gehuil en geleer.






# Hoërskool Reitz spog met hulle eie Spekboom-tuin



*Die graad 1- leerders en hul onderwyseresse van Hoërskool Reitz het 'n Spekboom-tuin aangeplant op die skoolterrein. Almal het deelgeneem aan hierdie projek. Spekbome is 'n baie goeie lugsuiweraar in die natuur. Hoërskool Reitz is baie trots op hierdie inisiatief.*

## GEKLASSIFISEERD
*Smalls*

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 28 Feb. | 15 / 28 | 76% kans vir donderbuie |
| Sa 29 Feb. | 13 / 21 | 61% kans vir laatmiddag buie |
| So 1 Mrt. | 14 / 19 | 83% kans vir donderbuie |
| Ma 2 Mrt. | 15 / 26 | 79% kans vir donderbuie |
| Di 3 Mrt. | 13 / 25 | 54% kans vir donderbuie |
| Wo 4 Mrt. | 13 / 23 | 99% kans vir donderbuie |
| Do 5 Mrt. | 13 / 24 | 80% kans vir donderbuie |
| Vr 6 Mrt. | 13 / 25 | Sonnig |
| Sa 7 Mrt. | 14 / 26 | Sonnig |
| So 8 Mrt. | 14 / 26 | Warm |
| Ma 9 Mrt. | 15 / 26 | Sonnig, warm |




### TE KOOP / FOR SALE

2003 Alfa Romeo 2L Sely-spoed R35 000-00.
**Skakel Jannie 058 852 2816 of 072 986 5158**

K0711

## JAARBEPLANNER 2020

**FEBRUARIE**
**28 Feb.** Rolbalklub - Deurnag

**MAART**
**7 Mrt.** NG Moedergemeente Basaar
**14 Mrt.** Vroueringskonferensie - NG Suidgemeente
**24 Mrt.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30.

**APRIL**
**9 April**
AGS Kerk - Pasga-ete
**15-17 April**
Hoërskool Heilbron Revue

**MEI**
**2 Mei** AGS Kerk - Kermis
**8 Mei** NG Moedergemeente Visete
**12 tot 15 Mei** Nampo
**26 Mei** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30

**JUNIE**
**6 Jun.** AP Kerk - Basaar
**26 Jun.** AGS Kerk - Pannekoek verkoping

**JULIE**
**25 Jul.** AGS Kerk- Potjiekos
**28 Jul.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30
**31 Jul.** BoereTreat

**AUGUSTUS**
**1 Aug.** BoereTreat

**SEPTEMBER**
**22 Sept.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30
**29 Sept.** Blyweesfees - NG Suidgemeente

**OKTOBER**
**31 Okt.** AGS Kerk - Pik-en-Proe ete

**NOVEMBER**
**24 Nov.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30

### NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
**Province:** Free State
**Estate Number:** 9711/2019
**Surname:** Khethe
**First Names:** Likeleli Selenah
**Date of Birth:** 1961.02.28
**ID Nr.** 6102280895085
**Last Address:**
1365 New Location, Phiritona, Heilbron, 9650
**Date of Death:** 2019.08.14
**Master's Office:** Bloemfontein
**First Names of Surviving Spouse**: Godwin Tefo
**Surname of Surviving Spouse:** Khethe
**Date of Birth of Surviving Spouse:** 1957.11.08
**ID Nr. of Surviving Spouse:** 571108 5811088
**NAME OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
MATEBOHO RAPULENG OF RAPULENG ATTORNEYS
**ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
P.O. BOX 20032, ZAMDELA, 1949
Period allowed for lodgement of claims:
If other than 30 days
**ADVERTISER NAME:**
RAPULENG ATTORNEYS
**ADVERTISER ADDRESS:**
P.O. BOX 20032, ZAMDELA, 1949
**ADVERTISER EMAIL:**
rapulengattorneys@gmail.com
**DATE SUBMITTED:** 2020.02.20
**TEL:** 0169732268
**For publication in the Government Gazette on:** 2020.02.28

## DIENSTE

### LIFE IS GOOD ...

I HAVE A HOUSE, CAR, BUSINESS, AND PAID OFF ALL MY DEBTS
I worked as a teacher for 29 years but had no money and was deep in debts. Dr Gitta wiped off my tears. He put R4 million into my bank account and to my house. Dr Gitta doesn't charge people as you can give him anything you want after all your problems are solved.
**Call SMS of WhatsUpp him for help on 063 261 5825**

K0708

### BEDANKING

Hartlike dank aan Heilbron Polisie vir hul blitsige optrede gedurende die huisroof op Heuningkop die 24ste Februarie, ook aan Pieter Greeff vir sy hulp en bystand.
Dan 'n baie groot dankie aan meneer Booysen Nhlapo wat die inbrekers op heterdaad betrap het, en onmiddellik alarm gemaak het anders kon die skade dalk baie groter gewees het.
Baie dankie aan almal betrokke vir hul hulp en bystand, dit word opreg waardeer.
**Chris en Rita Keyter**

K0709

### VOËLHOKKE TE KOOP

Skakel Mattie 082 857 7913

K0710

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531**

G

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com**




Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.
Besoek ons ook vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...

Herald

***BESIGHEIDSURE***
***Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00***
***Vrydae: 07:30 tot 16:30***
***Saterdae: 08:30 tot 13:00***

Office National

### GEBOU TE HUUR

1-Slaapkamer woonstel en een kantoor (80vkm), stoorruimte 240ha.
**Vir enige verdere navrae kontak Jackie Leonard 082 455 7799**

R




**SUDOKU**
Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**




## BEDANKING

Baie dankie Annalie Grobler vir jou woorde van waardering, en dat jy jou belewenis met my gedeel het. Ek waardeer dit baie.
**Heléne Howell**

G




**HOU HEILBRON SKOON**

**KING MOSES**
**HERBS WITH 100% GUARANTEE**
My job is your answer. Same day, same time. Do not let problems take over your life.

**FINANCIAL SPECIALIST**
* Get money into your bank account or house same day.
* Get chipwasi to make you rich or become tycoon within an hour.
* Borrow special wallet to get money every day.
* Win tenders
* Get promotion at work and double salary and win contracts
* Win lotto, casino, powerball and sports bets
* Bring back your lost lover to make them listen to you and be your yours forever
* Manhood enlargement to all sizes you want permanent
* Finish unfinished jobs by other doctors.

**078 364 2715**
**PAY AFTER JOB IS DONE**
**MAIL ORDER ACCEPTED**




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Tuinboulede kuier gesellig saam

Heilbron Huis- & Tuinbouklub het Woensdag, 19 Februarie 2020, hul maandelikse vergadering gehou.

Die oggend is afgeskop met 'n besoek aan Hannes Steyn, wat sy hande besig hou met houtwerk. Hy het aan die dames gedemonstreer hoe werk 'n C & C masjien - 'n prent word op jou rekenaar geprogrameer en die masjien kerf dieselfde prent uit op jou keuse van hout. Die masjien het Hannes en Pieter Jacobs self gebou en was ongeveer na 'n jaar voltooi. Vandag pluk Hannes die vrugte van harde werk.

Na die besigtiging van sy houtprodukte is verder gekuier aan die huis van Petro Meintjes.

Elandie Hanekom en Heleen du Toit, albei van Kalahari kosmetiese velsorgprodukte, het die tuinboudames meer oor hul produkte vertel.

Carina Franck, afkomstig van Gariep, is die ambassadeur en ontdekker van Kalahari Lifestyle. Kalahari beteken “plek van droogte”.

Soms is daar in 'n mens se hart ook so 'n plek maar waanneer jy jou met geure bederf, is dit asof daar 'n reëntjie op daardie droë kol uitsak - dit is waarom die produkte die naam Kalahari gegee is.

Daar is soveel teksture en geure in hierdie dorre landskap waarvan elemente in die reeks gebruik is.

Daar was 'n behoefte aan 'n eg Suid-Afrikaanse produk op die oorsese mark.

Kalahari Lifestyle is aanvanklik as 'n spa-reeks begin met lyf- en leefstylprodukte.

Later is 'n velsorgreeks bygevoeg, wat by die dag groei.

Die reeks is natuurlik met plantbestanddele wat met moderne bestanddele van bekende laboratoriums gekombineer word.

Daar bestaan nie iets soos 'n suiwer natuurlike produk nie, omdat alles preserveermiddels bevat.

Vir Kalahari se professionele reeks lyfafskilferaars is die Kalahari se rooi sand, sout uit die panne en fyngemaakte aalwynblare gebruik, wat met suiwer druiwepitolie en essensiële olies gemeng is.

Kalahariklei en -modder word ook as luukse lyfmaskers ingespan.

Die verfynde weergawe word op die gesig gebruik. Tsammapitte word gebruik vir die unieke en delikate olie daarvan.

Elke vrou poog daarna om die perfekte voorkoms te bekom en te behou en Kalahari bied 'n produk aan vir elke vrou.

Die oggend is afgesluit deur heerlike samesyn om die maand van liefde te vier.



*Tuinboudames wat die houtprodukte van Hannes Steyn besigtig. Op die foto voor vl: Mari Myburgh, Rinette Naudé, Henda van Eeden, Nellien Scheepers. Agter: Charmaine Leeb.*



*Op die foto voor vl: Elandie Hanekom (Kalahari skoonheidskonsultant), Rosemary Broodryk, Dinkie van Rooyen, Henda van Eenden & Heleen du Toit (Heilbron se Kalahari skoonheidskonsultant).*




*Hannes Steyn by die C & C masjien, wat hy self gebou het.*

# Geslaagde voorgeboorteprojek


Heilbron Kliniek het op 26 Februarie om 10:00 'n baie geslaagde voorgeboorteprojek geloods. Die swanger vroue het waardevolle inligting oor swangerskap en voeding ontvang deur die personeel en dieetkundige van Tokollo Hospitaal. Daar is klem gelê op hoe belangrik borsvoeding is en die voordele daarvan. Elke swanger vrou is verras met 'n geskenkie vir hulle babas asook met 'n glasie vrugtesap en 'n kolwyntjie bederf. Die volgende persone word hartlik bedank vir hulle bydraes tot die projek waarsonder dit nie moontlik sou wees nie: Elize Fox vir 'n kontantbydrae. Almal wat so fluks gebrei het ook 'n groot dankie: Tannie Ivy Fourie, Juliana Claasen, Tannie Rita Groenewald, Bettie Swart, Sylvia Meades en Tannie Marie de Villiers. Groot waardering word ook getoon aan Riekie Els wat die projek se reëlings getref het. Elke verwagtende mamma het huistoe gegaan met nuwe inligting en is gerusgestel oor die swangerskapsproses.







*Op die foto: Die mamma’s wat die dag bygewoon het, Heilbron Kliniek Personeel asook Tokollo Hospitaal personeel.*





BONUS HARDWARE
D.I.Y. • BUILDING • INDUSTRIAL
Nou beskikbaar!
SOLAR GEYSER
100L - R4500
150L - R6500
AFRICA WATER TANKS
2000L - R1999.90
2500L - R2399.90
5000L - R4799.90
ALL PRIZES INCLUDES VAT
058 853 0169 • 072 287 4111
31 BREËSTRAAT | HEILBRON

# Polisie op soek na kapers!

## R57 Sasolburg-pad





Die bestuurder van 'n Swart Toyota Epsom, was op Donderdag, 16 Januarie om en by 8:00 op die R57 onderweg vanaf Sasaolburg na Heilbron, toe hy gestop is deur die bestuurder van 'n wit Toyota Quantum en versoek is om twee mans, geklee in oorpakke en veiligheidskoene, 'n rygeleentheid gee tot by Heilbron. 'n Wit Ford Ranger het die bestuurder baie roekeloos verbygeneem en probeer verhinder om verder te ry. Die registrasienommer van die Ford-voertuig het met 'n B geeïndig en die bestuurder van die Toyota het aangeneem dat dit 'n SAPS-voertuig is. Die bestuurder van die Ford het sy vooertuig genader en 'n argument het ontstaan, waartydens die Toyota Epson se bestuurder deur een van die passasiers van agter, in 'n wurggreep gegryp is, terwyl die voorste passasier hom aangerand het.

Drie ander mans het uit die Ford geklim en sy Toyota genader waarna hy in die Ford geplaas is en van die mans het sy voertuig geneem. Die man is later in 'n oop veld afgelaai en hy het om hulp gesoek.

Polisie is op soek na ses verdagtes betrokke in die kaping en ontvoering.

Enige persoon met inligting rakende die voorval asook die verdagtes moet Sersant Moorosi Mokoena asseblief dringend kontak by 083 800 0905.

**Vir sny-, hark- en baalwerk.**
**Kontak**
**Evert Kleynhans**
**072 018 3685**

## Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

Dit was vir my onstellend om oor die radio te moes hoor, hoe Christene, in oorsese lande, in martelkampe gesit word ter wille van hulle geloof. As daar net 'n Bybelversie by hulle gekry is, is hulle in martelkampe geplaas, dan besef ek regtig eers hoe genadig die Here nog vir ons is. Lidmate van 'n kerk kan sonder vervolging rustig en sonder vrees, die huis van die Here besoek, saam in gebed verkeer met biduur geleenthede, sonder vrees getuig, van die Here se grootheid en genade, oor die radio die boodskappe na luister, of kyk op die TV hoe die woord van die Here verkondig word, en om sonder vrees huisgodsdiens te hou. Ons besef nie hoe gelukkig ons nog is nie, wanneer ons hoor van Christene wat vervolg word en gemartel word weens hul geloof. Getuig ons regtig onder mekaar van die goedheid van die Here se Genade? Of het ons "stom" geword om van elke geleentheid gebruik te maak om te getuig? Daar gaan seker nog met ons ook gebeur dat ons vervolg gaan word vir ons geloof. Iemand het jare gelede gesê "Wat sal van ons word as die Bybel nie meer tot ons beskikking is nie? "Maak ons genoeg tyd om nog die woord te bestudeer?"


Ingestuur deur Heléne Howell.

**WE WON THE FIRST BATTLE!**

After almost 30 000 objections in just 2 days, and tremendous pressure from DA politicians in Parliament, the deadline for objections against the amendment to Section 25 to allow for land expropriation without compensation, was extended. We now have until tomorrow, 29 Feb 2020 to get as many South Africans as possible to lodge their objection against this disastrous, economy-killing bill! If you haven't yet please be sure to lodge your objection at https://www.ProtectPropertyRights.co.za and encourage your friends and family to do the same. If you have already lodged an objection, please consider making a small donation to allow us to continue the fight!

*Donate to fight EWC https://donate.da.org.za/p/ews-concourt?ref=wa*

DA
ONE NATION. ONE FUTURE







**TELWIEDRE-VOERE**

**WERKSGELEENTHEID**
**KOSTEREKENMEESTER (VOORRAAD)**

***Binne Telwiedré Voere is daar 'n vakature vir bogenoemde uitdagende pos.***
***Suksesvolle kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-: -***

* Omvattende kennis van kosterekeningkundige beginsels en konsepte en goeie begrip van die "vervaardiging" van finansiële konsepte * Betroubaar, stiptelik en lojaal
* Onder druk kan werk * Nougeset, deeglik, verantwoordelik en akkuraat

**VEREISTES & KWALIFIKASIES:-** B.Com.Rek.-graad; 3 – 5 jaar ondervinding; Pastel & Excel Ondervinding

**VERANTWOORDELIKHEDE:-**
(1) Berekening en evaluering van voorraadafwykings. (2) Voorraadkostekoördinering. (3) Daaglikse verslagdoening aan aankoopsafdeling. (4) Stiptelike verslagdoening aan bestuur. (5) Voorraadtellings & Toetstellings.

**SLUITINGSDATUM:-** 13 Maart 2020

**BELANGSTELLENDES:-** Oorhandig of stuur u skriftelike CV/aansoek aan A. Barnard by Telwiedrè Voere, Bothastraat 6, Heilbron of e-pos na admin1@telwiedre.co.za

# SPORTverslag

## 'n Groot opgewondeheid oor Adam en Eva-Dag

Die Eva's het reeds begin met hulle uitrustings vir Saterdag se beoogde Adam en Eva-dag. Almal moet mos aantrek volgens die eerste letters van hulle van, dit kan nogal pret afgee en gees bou. Dié wat by die tema hou, kry dadelik 2 punte op hul telkaart, dit kan maklik die verskil tussen wen en veloor wees. Die spelformaat gaan almal help, daar word elke keer van die beste hou af gespeel.

Dit lyk of dit goedkoper is om vleis te wen as om dit te koop. Leonard Strydom wen verlede Saterdag met 'n baie sterk eindpoging van 20 punte om gesamentlik 34 punte te maak. Johan Nelson en Niklaas van der Walt eindig tweede en derde na 'n uittel ook met 34 punte.

Vir dié wat Saterdag kom speel gaan dit R350 kos per paar. Dit sluit halweg en snoek-ete die aand in. Spelers word gevra om teen 10 uur daar te wees.



*Verlede Saterdag se vleis-pryswenners van links Niklaas van der Walt, Leonard Strydon en Johan Nelson.*

## Veterane enkel-kampioenskappe

Die veterane enkelkampioenskappe wat die afgelope naweek by Kroonstad Rolbalklub aangebied is, was weereens 'n groot sukses en dit was uitsonderlik om te sien hoe kompeterend spelers kan wees wat die spel op 'n later ouderdom opgeneem het.

Johan Greyling van Heilbron Rolbalklub, wat slegs 'n paar maande rolbal speel, het hom uitstekend van sy taak gekwyt en daar is kennis geneem van hom as 'n speler met baie goeie potensiaal.

Magda Bierman het Heilbron se naam hoog gehou, maar moes ongelukkig Sondag die knie buig voor Catrien Koekemoer wat die wêreld aan die brand gespeel het.

Al die reëlings vir Vrydagaand se deurnagtoernooi is in plek, as die son Vrydagmiddag sak gaan 48 spelers die eerste balle begin rol en as die son Saterdagoggend sy kop uitsteek sal hierdie selfde spelers maar te bly wees om die laaste balle te rol.

Die bestuur wil al die instansies bedank wat meegehelp met donasies en borgskappe. Certi Sure van Frankfort het pragtige sakke geskenk en wie ookal die wenners hiervan gaan wees, sal dit baie goed kan gebruik.

Die drinkwater-probleem wat gereeld in die dorp voorkom het die rolbalklub genoodsaak om voorkomend op tree en 'n watertenk is hierdie week deur Koos Bierman geïnstalleer, met ondersteuning van Terence Cunningham.



*Magda Bierman*

### JAARPROGRAM : 2020
### RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| | | |
|---|---|---|
| 7 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 14 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 18 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 24-27 APRIL | HUNTEX | |
| 23 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 30 MEI | BLOEMFONTEIN-INTERTAK SPORTSKIET | |
| 6 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 25 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 15 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 29 AUGUSTUS | BOSVELD OEFENING | 09:00 |
| 5 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 26 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 3 OKTOBER | GROEPERING SKIET | 09:00 |
| 3 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 17 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTER STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2021 MOET NOU BETAAL WORD | |





Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

VLEISSENTRAAL

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 3 MAART 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 4 MAART 2020

STEYNSRUS : HUMAN BEEFMASTER & SAVM
400 Beefmasters & 540 SAVM skape
11:00, Catherton, Steynsrus
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 5 MAART 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

POTCHEFSTROOM : SNOWLINE TRADING UITVERKOPING
Plaasimplemente & -toerusting
11:00, Elandsheuwel, Potchefstroom
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

VRYDAG - 6 MAART 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

RUSTENBURG : HILLCREST BOERDERY
500 Vleismerino tipe skape
11:00, Hillcrest, Rustenburg
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

BKB LOUWID